Polmed gee eindelik in: 88 lede terug by fonds

Philip de Bruin

Polmed, mediese fonds van die polisie, het eindelik die handdoek ingegooi in sy gevegte teen 88 oudpolisiebeamptes wat daarop aandring om weer volle lede van die fonds te word.

Die 88 het almal ná tien jaar diens in die polisie bedank. Toe hulle bedank het, het Polmed se reëls bepaal dat hulle aanbly as lede van Polmed en dat Polmed sal voortgaan om hul subsidies te betaal. Maar in Maart vanjaar het Polmed eensydig sy reëls gewysig, wat daarop neergekom het dat die 88 almal hul lidmaatskap verloor het of sonder subsidies as lede van Polmed kon aanbly.

Die vakbond Solidariteit het die 88 bygestaan in 'n geding teen Polmed. Regter Carl-Pierre Rabie het in November in 'n finale interdik hangende 'n formele hofgeding beveel dat die 88 dadelik as Polmed-lede heringestel moet word met volle subsidie.

Polmed se latere aansoek om appèl is verwerp met 'n swaar kostebevel teen hulle.

Gister sou die 88 'n dringende aansoek by die hooggeregshof in Pretoria indien om Polmed te dwing om Rabie se hofbevel na te kom. Mnr. Johan Kruger van Solidariteit het gister gesê Polmed het egter betyds onderneem om die 88 in Januarie weer as Polmed-lede in te stel en hul subsidies terugwerkend tot Maart te bereken. "In die lig van dié onderneming het ons die dringende aansoek vir vandag (gister) van die hofrol laat verwyder."